23.6 RAPPORT 1 – DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – ALGEMEEN (Artt 176, 312)

23.6 REPORT 1 – DEPUTIES PUBLICATIONS – CHURCH JOURNALS – GENERAL (Arts 176, 312)

A. Dr J Lion-Cachet stel die Rapport.
Dr J Lion-Cachet tables the Report.

B. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie oor pt 2.1.3.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission on pt 2.1.3.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 Sedert die vorige Sinode in 2015 het die Kerklike Tydskrifte gereeld verskyn en is ‘n hoë standaard – soos in die verlede – gehandhaaf.	1.1 Since the previous Synod in 2015, the Church Journals have appeared regularly and a high standard – as in the past – was maintained.
1.2 Die Deputate het vergader deur telefoonkonferensies te hou en verder per e-pos te kommunikeer aangesien die begroting nie ruimte gelaat het vir reiskoste na vergaderings nie.	1.2 The Deputies met via telephone conferences and communicated via e-mail, since no provision was made in the budget for travelling expenses to meetings.
1.3 Vir die Kerklike Tydskrifte bly die daling in getal intekenare ‘n groterwordende probleem wat by die Deputate en ook die Bestuur van die Administratiewe Buro groot besordgheid oor die voortbestaan van die tydskrifte skep. Intekenaargetalle neem deurlopend af terwyl koste styg. Gevolglik word die vaste koste deur ‘n kleinerwordende poel intekenare gedra. Die feit dat die getal inteknare afneem, het die gevolg dat intekengelde jaarliks aansienlik verhoog.	1.3 The decline in subscription to Church Journals is a growing problem that is creating great concern among the Deputies and the Management of the Administrative Bureau over the continued existence of the journals. Subscription numbers decline, while costs rise and thus a shrinking number of subscribers have to bear the fixed costs. The decline in subscribers has resulted in a significant rise in annual subscription fees.
1.3.1 *Die Kerkblad* toon ‘n gemiddelde daling van 8.45% in intekenare jaarliks. In 2007 was daar ongeveer 5 000 intekenare wat kon bydra tot die delging van vaste koste. Vir Februarie 2017 was die poel intekenare wat groterwordende vaste koste moet dra 2 000.	1.3.1 *Die Kerkblad* shows an average decline of 8.45% in subscribers per annum. There were approximately 5 000 subscribers in 2007 who could help cover the fixed costs, as opposed to the 2 000 subscribers in February 2017 who have to bear the ever-increasing fixed costs.
1.3.2 Die *Gereformeerde Vroueblad* toon ‘n gemiddelde daling van 8.51% per jaar. Die poel van inteknare wat vastekoste dra het van 3 500 in 2007 verminder na 1 500 in 2017.	1.3.2 *The Gereformeerde Vroueblad* shows an average decline of 8.51% per annum. The number of subscribers bearing the fixed costs have declined from 3 500 in 2007 to 1 500 in 2017.
1.3.3 *Slingervel* toon ‘n gemiddelde daling van 8.32% per jaar. Dit beteken ‘n daling van 3 500 inteknare in 2007 tot 1 500 in 2017.	1.3.3 *Slingervel* shows an average decline of 8.32% per annum. It is a decline of 3 500 subscribers in 2007 to 1 500 in 2017.



1.4	Intekenare wat nie intekengelde betaal nie, veroorsaak verder ‘n verhoging in intekengelde. Die toename in intekenare wat nie intekengelde betaal nie, is vir die Deputate kommerwekkend. Die Deputate het oorweging daaraan geskenk om ‘n invorderdaar aan te stel wat suiwer op kommissiebasis werk, maar die advies vanaf die Bestuur van die Admin Buro was dat só ‘n aanstelling in hierdie termyn nie haalbaar sou wees nie.	1.4	Subscribers who fail to pay their subscription fees are causing a further rise in subscription fees. The increase in this failure to pay subscription fees is of great concern to the Deputies. The Deputies considered appointing a debt collector on a purely commission basis, but the Administrative Bureau advised that such an appointment would not be possible this term.
1.5	‘n Verdere oorweging van die Deputate was om ‘n bemarker vir die tydskrifte aan te stel wat intensief op die bemarking van die tydskrifte van die GKSA sou fokus. Hierdie aanstelling is ook op advies van die Administratiewe Buro nie gedoen nie.	1.5	Another option was to appoint a marketing agent specifically focussed on marketing the GKSA journals. This appointment was not made either, upon the advice of the Administrative Bureau.
1.6	Die Deputate is nogtans van mening dat die aanstelling van ‘n invorderaar en ‘n bemarker vir die tydskrifte noodsaaklik is.	1.6	The Deputies are nevertheless of the opinion that the appointment of a debt collector and marketer for the journals is necessary.
1.7	Intekengelde en intekening op die tydskrifte word verder beïnvloed deur inflasionêre druk, kansellasies van intekening agv verhoogde intekengelde, ondoeltreffende diens van die Suid-Afrikaanse Posdiens wat kansel-	1.7	Other factors influencing subscription fees and subscription to the journals are inflationary pressure; cancellation of subscription, due to increased subscription fees; and the cancellation of subscriptions due to the unreliability

lasies in intekening tot gevolg het (tydskrifte is ook elektronies beskikbaar).	of the South African Postal Service (the journals are also available electronically).
1.8 Die Redaksies van al die tydskrifte doen self moeite met die bemarking van die onderskeie tydskrifte – soos wat uit die onderskeie Rapporte van die Redakteurs blyk.	1.8 The editing staff of all the journals do their own marketing of the different journals – as reflected in the Report of each Editor.
1.9 Ander diverse bronne van inkomste vir die tydskrifte – advertensies en donasies – is hoegenaamd nie voldoende om radikale stygings in intekengelde af te weer nie. Om die voortbestaan van die kerke se tydskrifte te verseker, sal alternatiewe finansieringsmetodes gevind en implimenteer moet word.	1.9 The range of other sources of income for the journals – advertisements and donations – in no way suffices to ward off the radical increases in subscription fees. The church journals will only continue to exist if alternative financing methods are identified and implemented.
1.10 Die Deputate het saam met die redaksielede van die tydskrifte 'n werks-winkel bygewoon, aangebied deur Moira-Marie Kloppers (Afdelingshoof van kommunikasie en bemarking van Soli-dariteit). Die doel van die werkswinkel was om moontlike oplossings te soek om intekening op die tydskrifte te verhoog, bemarking van die tydskrifte meer doel-treffend te maak, die moontlike uitbrei-ding van die tydskrifte te bespreek.	1.10 The Deputies attended a workshop with the editing staff of the journals, presented by Moira-Marie Kloppers (Department head of communication and marketing of Solidarity). This was an attempt to seek possible ways of increasing subscription to the journals, make marketing more effective and discuss the possible expansion of the journals.
1.11 Tydens bogenoemde werkswinkel is die opdrag om die moontlikheid te ondersoek om die kerklike tydskrifte in Engels te vertaal, ook bespreek. Om die kerklike tydskrifte in Engels te vertaal, sal 'n duur onderneming wees en vertalers wat in die taalregister van 'n *kerklike* tydskrif vertaal, is skaars. Sr K Bain is deur die Deputate versoek om leiding te neem om 'n seleksie van artikels uit die Afrikaanse tydskrifte in Engels te vertaal en as *CrossCourier* uit te gee.	1.11 The possibility of having the church journals translated into English was also discussed at the workshop. Such translation would a costly endeavour and translators specialising in church journal translation are rare. The Deputies requested Si. K Bain to take the lead and translate a selection of articles from the Afrikaans journals into English to be published as *CrossCourier.*
1.12 Dit was die ervaring van die redaksie van *Kruispad* dat die Engelse vertaling van *Kruispad*, *Crossroad* 'n groot aanvraag het en dat die uitgawes baie effektief was en met dankbaarheid ontvang is. Daar is in die kerke 'n behoefte aan 'n Engelstalige tydskrif.	1.12 The editorial staff of *Kruispad* has noticed a great demand in the English version of *Kruispad*, called *Crossroad*, and that the issues were quite effective and appreciated. There is demand in the churches for an English-language journal.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.12 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.12 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 *Aanbevelings*	2.1 *Recommendations*
2.1.1 Die Sinode spreek sy dank vir gereelde, kwaliteit-tydskrifte teenoor die Redakteurs en Redaksie-	2.1.1 The Synod is to express its thanks to the editors and editorial commissions of the different journals for regular and

kommissies van die onderskeie tydskrifte uit.	quality journals.
2.1.2 Dat die Sinode goedkeuring verleen dat *CrossCourier* 'n amptelike, Engelse tydskrif van die kerkverband word wat op kontantbasis bedryf word en nie deur intekenaars en intekengelde sal werk soos die ander kerklike tydskrifte nie. Indien daar nie fondse vir 'n volgende uitgawe beskikbaar is nie, sal dit ook die vraag of daar werklike behoefte is, beantwoord.	2.1.2 The Synod is to approve that CrossCourier become an official English journal of the GKSA that is managed on a cash basis and not financed by subscription fees, like the other church journals. Should no funds be available for an issue, then it would indicate the true demand for the journal.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.1.2 approved.**
2.1.3 Die Sinode benoem weer Deputate om bykomend spesifiek aandag te gee:	2.1.3 The Synod appoint Deputies to also specifically attend to:
2.1.3.1 aan die bemarking van die tydskrifte en 'n bemarker vir die tydskrifte aan te stel,	2.1.3.1 the marketing of the journals and appoint a marketing agent for the journals;
2.1.3.2 aan die ontwikkeling van strategieë om die intekenaargetalle te verhoog,	2.1.3.2 developing strategies to increase subscription;
2.1.3.3 om alternatiewe finansieringsmoontlikhede vir die tydskrifte te oorweeg,	2.1.3.3 consider alternative financing options for the journals; and
2.1.3.4 om 'n invorderaar op suiwer kommissiebasis vir die invordering van uitstaande intekenaarsgelde aan te stel.	2.1.3.4 appoints a debt collector on a purely commission basis for the collection of outstanding subscription fees.
Aanbeveling van Finansiële Kommissie: Punt 2.1.3 van die Rapport word nie goedgekeur nie.	**Recommendation of the Financial Commission: Point 2.1.3 of the Report is not approved.**
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
2.1.3.5 Die Deputate kry opdrag om ander media-platforms te ondersoek om dieselfde boodskap aan 'n groter verskeidenheid potensiële lesers beskikbaar te stel waarin hulle behoeftes verreken word.	2.1.3.5 The Deputies receive the mandate to investigate other media-platforms to bring the same message to a wider possible readership where their requirements are reckoned with.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
2.1.4 Dat daar weer een kollekte per jaar vir die kerklike tydskrifte afgesonder word.	2.1.4 One collection per year is to be set aside for the church journals.
Besluit: Punt 2.1.4 goedgekeur.	**Decision: Point 2.1.4 approved.**

D. **RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE / REPORT OF THE FINANCIAL COMMISSION**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 Die Deputate het die Sinode nie van 'n behoorlike besigheidsplan ten opsigte van hierdie saak voorsien nie. Ons het geen idee wat die uitgawe gaan wees nie en wat die potensiële inkomste gaan wees nie.	1.1 The Deputies did not provide the Synod with a proper business-plan with regards to this matter. We have no idea what the expenditure will be and what the potential income would be.

1.2 Daar is groot onsekerheid of dit 'n lewensvatbare aksie sal wees. 1.3 Daar is tans geen fondse hiervoor beskikbaar nie. **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**	1.2 There is great uncertainty whether it would be a sustainable action. 1.3 There is currently no funds available for this. **Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit Dat die pt 2.1.3 van die Deputate se Rapport nie goedgekeur word nie. **Besluit: Goedgekeur.**	**2. Matters that the Synod decide on** That pt 2.1.3 of the Deputies' report is not approved. **Decision: Approved.**